# Kerkwyding van die Basiliek van Maria die Meerdere 5 Augustus



Die Kerk Konsilie van Efese (431) het verklaar dat Maria die Theotokos, oftewel Goddraer is. Hiermee is die Nestoriaanse dwaalleer, wat die goddelike en menslike Persoon van Jesus tot twee aparte Persone wou reduseer, finaal die nekslag toegedien. Dit wat Katolieke Christene nog altyd geglo het, naamlik dat die Geseënde Maagd Maria as Moeder van God aangeroep mag word, is tot ʼn dogma verklaar.

Ter viering hiervan het pous Sixtus III (432-440) ʼn basiliek tot eer van die Moeder van God op die Eskwilynse heuwel in Rome laat bou. Dié kerk het gou bekend geraak as *Santa Maria Maggiore* (Maria die Meerdere) en is die oudste kerk in die Weste wat na Maria vernoem is.

© Die Oratorium Uitgewery